

Skriflesing: Genesis 26:12-35

Teks: Genesis 26:12,18, 22, 25

Sing- Ps.48:4,5; Ps.86:6; Ps.42:5,7; Ps.45:1,2,9

Gen 26:12 Isak het toe in dié land gesaai en daardie jaar honderdvoudig gewen, want die HERE het hom geseën.

Gen 26:13 En die man het groot geword en altyddeur groter geword totdat hy baie groot was:

Gen 26:14 hy het troppe kleinvee en beeste gehad en baie bediendes, sodat die Filistyne hom beny het.

Gen 26:15 En al die putte wat die dienaars van sy vader in die dae van sy vader Abraham gegrawe het, dié het die Filistyne toegestop en met grond opgevul.

Gen 26:16 Toe sê Abiméleg vir Isak: Trek weg van ons, want jy het vir ons veels te magtig geword.

Gen 26:17 Daarop het Isak vandaar weggetrek en laer opgeslaan in die dal by Gerar en daar bly woon.

Gen 26:18 En Isak het die putte weer oopgegrawe wat hulle in die dae van sy vader Abraham gegrawe het, en wat die Filistyne ná die dood van Abraham toegestop het, en dit genoem na die name wat sy vader daaraan gegee het.

Gen 26:19 En terwyl die dienaars van Isak in die dal grawe, vind hulle daar 'n put met lewendige water.

Gen 26:20 En die herders van Gerar het getwis met die herders van Isak en gesê: Dit is óns water. Daarom het hy die put Esek genoem, omdat hulle met hom onenigheid gehad het.

Gen 26:21 Daarop grawe hulle 'n ander put, en daaroor het hulle ook getwis. Daarom het hy dit Sitna genoem.

Gen 26:22 Toe het hy vandaar versit en 'n ander put gegrawe, en daaroor is nie getwis nie. Daarom het hy dit Réhobot genoem en gesê: Ja, nou het die HERE vir ons ruimte gemaak en kan ons vrugbaar wees in die land.

Gen 26:23 Daarna het hy vandaar opgetrek na Berséba.

Gen 26:24 En die HERE het aan hom in dieselfde nag verskyn en gesê: Ek is die God van Abraham, jou vader. Moenie bang wees nie, want Ek is met jou; en Ek sal jou seën en jou nageslag vermeerder ter wille van Abraham, my kneg.

Gen 26:25 Toe bou hy daar 'n altaar, en hy het die Naam van die HERE aangeroop en daar sy tent opgeslaan; en die dienaars van Isak het daar 'n put gegrawe.

Gen 26:26 Daarop kom Abiméleg na hom van Gerar af, saam met Ahussat, sy vriend, en Pigol, sy leërowerste.

Gen 26:27 En Isak het hulle gevra: Waarom het julle na my gekom terwyl julle my haat en my van julle af weggestuur het?

Gen 26:28 Toe antwoord hulle: Ons het duidelik gesien dat die HERE met jou is. Daarom het ons gedink: Laat daar tog 'n eed tussen ons wees, tussen ons en jou; en laat ons 'n verbond met jou sluit:

Gen 26:29 jy moet ons geen kwaad doen nie, net soos ons jou nie aangeraak en aan jou niks as goed gedoen het nie en jou in vrede weggestuur het. Jy is nou eenmaal die geseënde van die HERE.

Gen 26:30 Toe berei hy vir hulle 'n maaltyd, en hulle het geëet en gedrink.

Gen 26:31 En hulle is die môre vroeg op en het vir mekaar 'n eed gesweer. Daarop het Isak hulle laat gaan, en hulle het in vrede van hom af weggetrek.

Gen 26:32 Dieselfde dag kom toe die dienaars van Isak en vertel hom van die put wat hulle gegrawe het, en sê vir hom: Ons het water gekry.

Gen 26:33 En hy het dit Seba genoem. Daarom is die naam van die stad Berséba tot vandag toe.

Gen 26:34 Toe Esau veertig jaar oud was, het hy Judit, die dogter van Beëri, die Hetiet, vir hom as vrou geneem, en Basmat, die dogter van Elon, die Hetiet.

Gen 26:35 En hulle was vir Isak en Rebekka 'n bitter verdriet.

Skriflesing: Genesis 26:12-35

Teks: Genesis 26:12,18, 22, 25

Sing- Ps.48:4,5; Ps.86:6; Ps.42:5,7; Ps.45:1,2,9

Broeder en suster- Ons is weer met grond en met mense besig. Vandag kom water by..., wat is meer in die brandpunt as grond, as water en as mense. Dit het ons nou al die vorige twee weke keer op keer gesê. Die verkoop van grond en dit waarvoor dit aangekoop word. Eers het ons 'n baie positiewe transaksie gehad. Barnabas verkoop sy grond. Dit gaan vir hom om ander te dien, te bemoedig, te troos, moed in te praat. Hy wil die lewe vóór die dood dien, Jesus Christus word gedien.

Verlede week was ons by die lewe ná die dood. Judas Iskariot se verrai som word die koopsom ook van 'n stuk grond. Die grond van die pottebakker, kleigrond wat 'n begraafplaas moes word. Ons het afgesluit met wat die Here as die volmaakte Pottebakker met ons as die klei in sy hande kan maak. Die begraafplaas wat die Jode besluit het die vreemdelinge daar begrawe moes word, terwyl hierdie grond-profesie nie tred gehou het met God se grond-profesie nie. Die profesie van hulle wat lewendig geword het toe Jesus gesterwe het, dit wat hulle as lewendes in die stad gaan vertel het, hulle wat profete geword het van die lewe. Hulle boodskap sou nie 'n aparte begraafplaas wees vir vreemdelinge nie, hulle boodskap sal wees ons lewe in Christus wat die lewe is. Ons profeteer uit die grond uit, waarna ons moet terugkeer, maar Christus sal lewe om nie weer te sterwe nie.

Vandag is ons op die grond, ons hoor van harde boerdery-realiteit, harde grond-realiteite. Saam met Isak word daar geworstel oor wat die gronde rondom Isak was. Van Isak lees ons – *hy het toe in dié land gesaai en daardie jaar honderdvoudig gewen, want die Here het hom geseën.* Geliefdes, wat ons eerste moet opval is nie die goeie oes wat hy gemaak het nie, maar wat meer opval is dat God se kinders is besig om in saai-boere te verander.

Selfs sy pa Abraham was nog 'n veeboer, al trekkende agter weiding en goeie veld vir hulle diere, soos die keuse tussen Abraham en Lot omtrent Sodom en Gomorra ook 'n keer gewys het. En Lot kies die beter veld uit, maar dit was Sodom-veld. Miskien soetveld vir die diere, maar vir die mens was dit op die einde sekerlik die suurste veld denkbaar. Suurveld van menslike verdierliking, suurveld van homoseksualisme, en 'n pa (Lot) word die man van sy eie dogters en dies meer.

Dinge verander mettertyd, veeboere word ook saaiboere, soos ons in ons teks dit ook mag agterkom, maar in die lewe van Isak wil ek graag vanoggend meer as net 'n ontluikende saaiboer ontdek. In God se Woord ontdek ons drie dinge- (1) die krag en voorbeeld van 'n vredemaker- (2) Die betekenis van die putte van die verlede- en (3) in die laaste plek die belangrikheid van prioriteite.

Die krag en voorbeeld van 'n vredemaker:

'n Uitstaande en belangrike kenmerk van Isak was dat hy glad nie uitstaan nie. Broeder en suster, vir 180 jaar, so oud het hy geword het hy grootliks stil en rustig kon lewe. Hy maak nie geskiedenis nie, hy wil dit ook nie maak nie. En tog, watter geskiedenis maak die Here ook deur die mense wat nie geskiedenis maak nie!

Hierdie rustige mens waar kom sy krag vandaan? Hy is eintlik in groot moeilikheid, maar hoe hanteer hy hierdie moeilikheid. Die begin van die hoofstuk wat ons nie gelees het nie, is die inleiding op die moeilikheid. Dit was droogte, daar was hongersnood, Isak gaan na Abimeleg koning van die Filistyne. Isak is nou 'n uitlander, die Filistyne ervaar hom later as 'n bedreiging met sy groot suksesse agter die boerdery.

Op 'n ferm en tog diplomatieuse manier word Isak gevra om te gaan. Abimeleg sê in vers 16- *Trek van ons af weg want jy het vir ons veels te magtig geword.* Was dit dalk 'n ander mens was daar vuur in die kruitvat! Iemand sou kon ontplof, want dit sou wees asof hulle die hele bron van sy suksesboerdery nou van hom wegneem, nl. water. Vat water van boerdery af weg dan haal jy eintlik die lewe uit boerdery uit. Boerdery sonder water is so ondenkbaar soos 'n lewende liggaam sonder asem.

Isak, ja 'n mens is geneig om hom weer as sterk jongseun te sien, dat toe sy pa hom moes offer, op die berg Moria het hy hom nie teëgesit nie, maar sy krag lê in baie dieper dinge. Hy was alreeds aan die altaar gebind, soos 'n offerdier, sonder om sy pa of iemand op daardie pad seer te maak, in die grootste nood denkbaar. Vers 17 praat van geen harde woord na Abimeleg se kant toe die trek-opdrag kom nie, ons lees gewoon- *Isak het vandaar weggetrek en laer opgeslaan in die dal by Gerar en daar bly woon.*

Die mens wat so rustig mag voorkom, waar lê sy werklike krag? Is hy nie te toegewend nie, te min van 'n vegter, te geneig om maar toe te gee nie. Maklik mag ons so dink, maar weet u hy is Jesus se bergpreek jare vooruit. Honderde en honderde jare later het Jesus iets van die waarheid hier voor ons uitgespreek- *Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe* (Matt.5:5). Isak gehoorsaam alreeds Jesus se bergpreek, al sou hierdie bergpreek eers vir eeue na hom werklik die berg deurklink.

Hoe is die weerklink vir u vandag, broeder en suster? Wat dink ons van 'n stil gees, 'n sagmoedige gees, is dit nie vir ons 'n toonbeeld van die swakkeling nie. 'n Mens moet mos veg vir jou regte en vir dit wat reg is! Hierdie Isak lyk dalk nou vir my 'n tipe te wees waarmee ons, onself moeilik mee identifiseer.

Tog, hier is Christus aan die kom. Isak word al 'n tipe van Christus, hoe Christus die geweld van die kruis, en die hardheid van die kruis gedra het. Hamers, spykers, dorings, spoeg, (watter kombinasie!), maar Jesus antwoord hierdie hardheid soos 'n Lam. Die hoogste vorm van hardheid en geregtigheid openbaar God in wat vir ons baie sag mag lyk, en dit is waar 'n lam stom en stil staan en stil staan voor sy skeerders voor sy skeerders en slagters. Hy beveel Petrus sit jou swaard in jou skede, nadat Malchus se oor afgekap is. Boonop maak Hy eers weer die oor gesond, en dit nadat Jesus die merkwaardige sê- *almal wat die swaard neem sal deur die swaard vergaan* (Matt.26:52).

Die gees van sagmoedigheid, wat geweld nie met geweld antwoord nie, moet ons tot diep nadenke stem. Elke mens wat die naam Christen wil dra, moet vir God 'n preserveermiddel in die wêreld wees. EN daardie preserveermiddel is *julle* as God vir

ons sê- *Julle is die sout van die aarde*. Dit kom natuurlik uit hierdie selfde bergpreek wat ons sopas by Isak wou uitbring. 'n Sagmoedige wat die aarde kan beërwe word dan terselfdetyd die sout van die aarde genoem. Watter rykdom om dit te wees, en dit genoem te word. Die sout van die aarde.

Wil u dit waarlik vir God wees? Die sagmoediges wat eers die aarde moet beërwe voor hulle die sout van die aarde kan wees. Natuurlik is die aarde nie kiemvry nie. Dis geweldig!- die verrotting-potensiaal wat daar in die aarde lê. Dis soos vleis, as vleis nie ingesout word nie, nie gepreserveer word nie, dan is dit mos logies. Dit gaan vrot word. Presies, so is dit met die aarde. Goeie sout is sagmoedige sout. Dit bruis nie, dit raas nie, dit verbrand nie, as dit op vleis gegooi word nie, en tog gooi die sout op, dan beskerm dit die vleis, nog meer positief, dit gee smaak wat nie 'n soutsmaak wil wees nie, maar dit wat vleis moet wees word dan net nog beter geproe, te danke aan sout wat daarby gekom het. So logies, so stil, so sagmoedig soos sout werk, so het het Isak gewerk, maar hy het nog meer gewerk- Ons tweede gedagte-

Hy maak die putte van die verlede oop:

Die verlede, wat maak ons daarmee? Ons lees in vers 18 dat Isak *het die putte weer oopgegrawe wat hulle in die dae van sy vader Abraham gegrawe het, en wat die Filistyne na die dood van Abraham toegestop het, en dit genoem na die name wat sy vader daaraan gegee het*. Broeder en suster, ons ken nou vir Isak, ons wil hom graag ook ken uit die agtergrond van Jesus se bergpreek- die sagmoedige wat die aarde sal beërwe...Hierdie aarde het ook sy putte nodig, want vir Isak om weer so 'n goeie oes te kon maak as die oes waar hy nou van sy goeie landerye moes wegtrek sal hy water nodig hê.

Ons leef in Suid-Afrika vandag met 'n regering wat moeilik die punt sal wil raaksien. Die name van ons strate, name van dorpe, aanhoudende dreigende naamsveranderings van stede, dit deurloop dieselfde proses as Abraham se putte. Name verander, benewens hoe daar geprobeer word om ons verlede toe te gooi, soos met die putte hier rondom Isak gebeur het. Die Filistyne het vir hierdie putte geen gevoel en geen waarde meer kon sien nie. Daarom het hulle hul toegegooi.

Vir Isak om die broodnodige water te kry laat hy dit weer oopmaak, maar dit is tog duidelik, dit gaan vir hom om meer as net water. Dit gaan vir hulle om hulle verlede. Die name word herstel. Heeltemal teen vandag in. Hoe baie in ons tyd is van mening dat die verlede is eintlik 'n gemors. Hulle dink van die verlede net soveel soos van die gemors waarmee die Filistyne die putte mee toegemaak het. Om hierdie putte weer oop te maak, wat nog te sê om die ou name weer te laat herleef, is die laaste wat die meeste in ons tyd wil doen.

Maar u moet meer raaksien. Isak bly ook nie vassteek by die verlede nie. Hy graawe ook nog nuwe putte. Nog wéér en nog wéér . Daarom dis so gevaarlik om mense politieke te etiketteer en te klassifiseer. Dis eintlik so verlamdend. Eenkant is Isak die konserwatiewe mens, hy maak die ou putte weer oop, maar hy is ook die progressiewe mens. Hy glo nie dat dit wat vir sy pa genoeg was, moet nou noodwendig ook vir hulle genoeg wees nie. Hy graawe put na put daarby. Eintlik is hy eenkant 'n konserwatiewe prog, en aan die ander kant 'n progressiewe konserwatis. Dit alleen as die Here 'n mens in staat kan stel om nie vas te val in dit wat menslike party-politieke maatstawwe 'n mens kan in laat vasval nie. 'n Mens moet uit die politiek kan uitstyg, wat opsigself vuil en korrup en in so baie opsigte werklik verrot is, maar wees weereens sout, sout ook vir die politiese aarde.

Weereens het Isak soos 'n sout moes werk. Hulle graawe 'n nuwe put en daar is water, maar kan u glo, die herders van Gerar maak skielik asof dit hulle water is. Hulle grond-aanspraak is nou somer ook 'n water-aanspraak, want die water sal dan nou kwansuis wees waar hulle hul grond gevestig het. Al wat Isak van die put sou oorhou is die interessante naam van dit hoe hy dit daar ervaar het- Esek- rusie, onenigheid. Die Afrikaner het al telke male in die geskiedenis sy putte eintlik hierdie naam moes gee. Die volgende put dieselfde. Nou het die Filistyne weer by Isak se Sitna hulle waterregte wou vestig ten spyte van wie eintlik die werk gedoen het. Sitna wat beteken om te kla. Klagtes maak mens moeg dat jy ook maar naderhand opgee.

Isak, soos ons hom leer ken, die sagmoedige mens, maar al die tyd is hy besig om die aarde te beërwe, hy versit maar weer. Die Here hou nie op om so 'n mens te seën nie. Hulle het weer 'n ander put gegrawe, met die merkwaardige opmerking by hierdie put- *daaroor is nie getwis nie*- en hulle noem die put- Rehobot- Ruimte- Die Here het vir ons ruimte gemaak.

Kan u weer dieper sien, geliefdes? Hoe die Here werklik die sagmoedige seën. Hy wie se gees sterk is daarin, om nie moeilikheid te wil soek nie, om nie te stry en te veg en jou te beskerm in sones waar die Here eintlik wil hê jy moet 'n slag luister wat Hy vir ons in sy bergpreek belowe nie. Isak gehoorsaam weereens die bergpreek, lank voor daar nog so 'n preek was. Uit sy aard, of uit sy geloof, die twee mag ons nie vanmekaar skei nie.

Dit is sy aard en sy geloof. My geloof moet altyd my aard kan omvorm, kan temper, kan terugbring aarde toe, grou maar weer 'n put, die Here se reg sal tog wel later by daardie eerste putte tot sy reg kom. Vergeet jou eie reg, jou eie vlees- soos die een Psalm ons ook laat sing. Jesus sien nie verniet die diepste karakter van christen-wees juis daar op jou wange nie. Om ook jou ander wang te draai, as ek alreeds baie seer op my een wang geklap is. Stap 'n tweede myl saam, al was die eerste myl al moeilik.

Daar is vir jou plek- daar is ruimte vir jou, jy moet net besef jy het ook jou Rehoboth. Ja, jou Rehoboth het net sy ankerpale verskuif- Dis nou 'n hemelse situasie, op hierdie aarde op hierdie aarde is ons vreemdelinge en bywoners, maar in die hemele sien ons, ons Rehoboth as Jesus vir sy dissipels sê- *In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.* Daar is vir ons 'n Rehoboth in die hemel- Christus het vir ons ruimte gemaak...

Broeder en suster, so wen 'n mens. 'n Mens kan gesindhede wen deur geduld. Al is hierdie mens vir jou soos 'n vyand gewees, soos die Filistyne wat lyk hulle nou aanmekaar vir Isak wil uitwerk. Eers uit sy eerste goeie lande waar daar goeie oeste was, en toe uit die een put uit en weer uit 'n ander een uit, maar Isak bly geduldig. Op die einde sien selfs jou teëstanders dit raak dat jou gees is anders as hulle gees. Dis 'n

sagmoedige gees wat stelselmatig besig is om die aarde te beërwe, dis 'n gees wat saam met die Heilige Gees getuig dat hierdie is 'n kind van God (Rom.8:16). So kom 'n mens dalk ook uit by dit wat Jesus meer as een keer gesê- *wie eerste is sal laaste wees, en wie laaste is eerste*. Moet nie wil eerste wees nie, stel God eerste en jouself laaste, en kyk dan in watter posisie stel God jou?!

Maar van posisies gepraat- weet u prioriteite moet ook altyd 'n bepaalde posisie ontvang- Dit sien ons vandag in die laaste plek:

Die belangrikheid en die posisie van prioriteite:

Vers 25 is die belangrike lig op hierdie saak. Nadat die Here se seënninge reeds by Rehobot in die laaste put uitgekome het, gaan Isak Berseba toe. Daar belowe die Here weer aan Isak al die dinge wat al vir Abraham belowe was. Alles gebeur eintlik ter wille van Abraham. En wat doen Isak. Ons moet dit mooi lees, geliefdes. Hy doen drie dinge- Daar staan in vers 25- *Toe bou hy (Isak) daar 'n altaar en hy het die Naam van die Here aangeroep en daar sy tent opgeslaan; en die dienaars van Isak het daar 'n put gegrawe.*

Hierdie drie dinge wat hier gebeur, staan vir ons soos prioriteite, en dit gaan nie maar net oor prioriteite nie, maar dit gaan ook oor die volgorde van ons prioriteite. Wat is jou prioriteite en wat is die volgorde daarvan, dis die eintlike vraag? By Isak staan eerste die altaar, en op hierdie altaar sy gebed. Isak het daar eerste by sy nuwe vaste adres, nie eerste sy adres wou vestig nie, maar hy bou eerste 'n altaar. Hy bid eerste daar. Dis die eerste prioriteit.

Moet dit vandag anders wees? Dit kan nie geliefdes, want dit wat Isak met altaarbou bedoel, dis die Here se bedoeling met sy kerk. Daar moet kerkbou wees. Petrus wat dan ook later sê- *laat julle ook soos lewende stene opbou*-(1 Pet.2:5). Met dit wat die Here met jou as deel van sy kerk bedoel, moet eerste staan. Jou kerklewe, jou kerklike meelewing, jou kerkgang, moet jou lewensgang bepaal, en nie jou lewensgang jou kerkgang nie. So moet dit ook met ons kerklike bydraes wees. Nog voor ek enige ander sommetjies wil maak, moet die som van my dankoffer reeds uitgewerk wees.

So maklik plaas ons vandag die tweede prioriteit eerste, wat natuurlik 'n belangrike prioriteit is, en dit is my gesin. Hy bou 'n altaar, hy bid, en dan kom hy eers by hom en sy gesinsbelange uit. Ons lees hy slaan 'n tent op. En na sy gebedsaltaar, en na sy gesin kom hy eers by die derde aspek en derde prioriteit uit nl. hulle werk. Hulle het daar 'n put gegrawe. Godsdien, gesin...en dan kom werk.

So maklik laat ons toe dat ons werk ons kerklike prioriteite en gesinsprioriteite oordonder, terwyl dit glad nie so moet wees nie. Die werk moet derde kom. Isak se volgorde is - ALTAAR...TENT...PUT eerste altaar- dis sy hele geloof op die altaar, dan kom gesin- hulle slaan 'n tent op, dan kom die werk- daar word 'n put gegrawe. As die altaar nie eerste staan nie, dan kan daar nie 'n gesin wees rondom die altaar nie, en ek kan ook nie my werk doen vanuit die altaar nie.

Die Here wil u vandag nog só besig sien. U geloofsaltare moet brandende wees, dan sal u as gesin ook gereeld huisgodsdien hou, en die huisaltare laat brand, en dan sal u vanuit hierdie altare u werk elke dag getrou en met oorgawe doen, want u werk dan nie vir uself nie, maar ons werk vir die Here.

En broeder en suster, hierdie prioriteite wat Isak deur die Here kon neerlê gebeur nie in 'n hoekie nie. Dit word deur die gemeenskap raakgesien. Ons lees in vers 26 dat Abimeleg en nog iemand saam met hom kom van ver af om met Isak weer te kom praat. Soos Isak hulle ervaar het so sê hy vir hulle- *julle haat my en julle het my van julle af weggestuur*. Abimeleg het dan net een antwoord aan hierdie Isak met sy prioriteite- Ten spyte van alles het ons *duidelik gesien dat die Here met jou is*.

Kan u in u prioriteite dit ook sê dat die Here met u is? Sal ander dit ook só raaksien? Natuurlik is ons nog in hierdie lewe. Dis nie te sê dat prioriteite alles nou verder regmaak nie. Die lewe bly 'n jammerdal, soos ons in die Kategismus ook bely- Sondag 9 V/A 26- **dat die Here sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik tot my beswil verander, omdat Hy dit as almagtige God kan en as 'n getroue Vader wil doen.** Isak, ten spyte van sy prioriteite wat reg was, ten spyte van goeie oeste, ten spyte

van baie vee, ten spyte van suksesvolle waters, putte met goeie water wat daar gegrawe is, is die einde van ons gelese hoofstuk 'n bewys van die lewe op aarde. Hoe dit tog maar baie keer mag voel dat ek as mens misluk. Hoe dit mag voel dat ek as ouer misluk- Esau met sy vroue, van hulle hoor ons- *hulle was vir Isak en Rebekka 'n bitter verdriet.*

Geliefdes, glo dan wat die Kategismus sê- so 'n hartseer verhaal in 'n mens se huis kan ook verander- tot ons beswil verander. Bly egter altyd besig met dit wat eerste besigheid is- jou altare- jou geloof- jou gebede.

Isak het die dinge besef, ten spyte van 'n Esau. Nooit het dit kon veroorsaak dat die altaar nie vir hom eerste staan nie, want dan eers kan sy tent staan, dan eers kon hy die putte sink. Mag die Here dit ook so vir u gee, hierdie prioriteite met hierdie volgorde, en mag u dit werklik regkry om die putte van die verlede skoon te maak, want daarin is ook nog water, maar hou ook aan om nuwes te grawe, met die regte name, want u naam is dalk nie Isak nie, maar hierdie Isak sê vir ons vandag- *Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.*

AMEN